

12. Bybelmedia, Bybelvertaling en Bybelverspreiding

12.1 RAPPORT DEPUTATE BYBEL (Artt 126, 127, 128, 132, 236)

- A. Ds AP Kruger en br H Dekker stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.
- D. Ds AP Kruger stel ds R Geyer, adjunk-uitvoerende direkteur van die Bybelgenootskap, voor.
- E. Ds R Geyer lewer 'n groeteboodskap namens die Bybelgenootskap.
- F. Ds AP Kruger rig 'n woord van dank aan ds Geyer en in die besonder aan die Bybelgenootskap vir die werk wat hulle doen.
- G. Prof JJ Janse van Rensburg lig die Sinode met ligbeelde toe in verband met die Brontaalgerigte Afrikaanse Vertaling van die Bybel.

H. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

- 1.1.1 Die opdrag van die Deputate Bybel het op Bybelverspreiding, Bybelmedia en Bybelvertaling betrekking. Die opdragte word by die onderskeie Rapporte aangehaal.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bybelverspreiding

2.1 *Opdrag 2 (Acta 2003:115, 6.1.2.3)*

- 2.1.1 Finaliseer na verdere onderhandeling met die Bybelgenootskap die benoeming van 'n skakeldeputaat.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

2.2.1 Agtergrond

- 2.2.1.1 Tydens Sinode 2003 is gerapporteer dat die Bybelgenootskap mbt die aanstelling van 'n skakeldeputaat van die GKSA by die Bybelgenootskap 'n besluit geneem het dat die te aangestelde persoon nie noodwendig 'n predikant hoef te wees nie.
- 2.2.1.2 Hierdie besluit het die weg gebaan om die vakature vir Skakeldeputaat van die GKSA by die Bybelgenootskap, wat na afloop van Sinode 2003 met die emeritaat van ds GA Hattingh (Acta 2003:112, 4.3.1), sou ontstaan, in die kerkverband bekend te stel.

2.2.2 Prosedure

- 2.2.2.1 Tydens die Deputate se eerste vergadering na afloop van Sinode 2003 is besluit om by wyse van 'n kennisgewing in *Die Kerkblad* hierdie vakature in die kerkverband bekend te stel (vgl *Die Kerkblad*, Mei 2003:57).
- 2.2.2.2 Die aansoeke wat hieruit voortgespruit het, is tydens 'n volgende vergadering in oënskou geneem en 'n kortlys is saamgestel met die oog op die voer van onderhoude waarby die Bybelgenootskap direk betrokke sou wees.

2.2.2.3 Tydens I gesamentlike vergadering van die Deputate en afgevaardigdes van die Bybelgenootskap op 27 Julie 2003, word besluit om mnr H Dekker aan te stel in die pos van Skakeldeputaat van die GKSA by die Bybelgenootskap.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.3.1 Die Sinode keur die prosedure goed wat gevolg is met die oog op die aanstelling van I Skakeldeputaat van die GKSA by die Bybelgenootskap.

2.3.2 Die Sinode keur die aanstelling van mnr H Dekker in die genoemde pos goed.

2.3.3 Die Sinode neem met groot dank en waardering kennis van die jarelange diens wat ds GA Hattingh in hierdie hoedanigheid by die Bybelgenootskap gelewer het.

Besluit: Goedgekeur.

3. Bybelverspreiding

3.1 *Opdrag 1 (Acta 2003:115, 6.1.2.1 en 6.1.2.2)*

3.1.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir Bybelverspreiding met opdrag Fondsinsameling en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

3.2.1 Fondsinsameling

3.2.1.1 Die nuwe skakeldeputaat, Mnr Hennie Dekker, begin vir die eerste paar maande met 'n bekendstellingsveldtog waartydens hy predikante ontmoet het. Hy het ook begin met 'n nuwe aanbiedingstyl deurdat hy Sondae na eredienste by gemeentes optree en op 'n groot skerm 'n Power Point-aanbieding doen oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Daarna wys hy 'n kort video wat veral konsentreer op die proses van die publikasie van Bybels. Groot moeite word in die proses gedoen om elke Bybel na te sien en te druk.

3.2.1.2 Gedurende 2005 begin hy maandeliks met 10-dae reisprogramme in elke Klassisstreek waartydens hy predikante besoek asook Kerkrade, Sustersvergaderings, Bybelstudiegroepe, Senior lidmate en ander kerklike groeperinge toespreek en inlig oor die werksaamhede van die BSA.

3.2.1.3 Verslag aan die gemeentes en Klassisse oor bydraes word ook verander deurdat die tydperk van verslag nou histories terugkyk na die bydraes van die vorige *natuurlike* jaar (Januarie tot Desember). Te veel probleme het met die vorige metodes voorgekom en dit het negatiewe bewerkstellig t.o.v. die goeie saak.

3.2.1.4 Bydraes van gemeentes en individue het 'n mooi groei getoon die afgelope jare:

Jaar geëindig 31 Oktober	Bedrag	Gemiddeld per belydende lidmaat
2003	855 198	11.60
2004	1 013 535	14.08
2005	Kyk Aanvullende Rapport	

3.2.1.5 Gedurende die afgelope jaar is 'n omstrede insamelingsmetode deur enkele lidmate gekritiseer: Christenfietsryers het nl die BSA gevra om tydens die ARGUS-

fietstoer ook borglyste in te vul om so fondse in te samel, soos reeds baie jare bestaan met die COMRADES Marathon. Die ARGUS is egter op 'n Sondag. Die saak is in die pers opgetel en lidmate het hulle ontevredenheid aan die Deputate deurgegee. Die Hoofsekretaris, ds Gerrit Kritzinger het toe 'n verduidelikende brief in die verband geskryf (Bylae 1 – brief Argus) wat die amptelike standpunt van die Bybelgenootskap stel. Dit is aan die enkele mense deurgestuurd. Die verduideliking is so aanvaar.

3.2.1.6 Gedurende die jaar 2004 het die Bybelgenootskappe wêreldwyd die 200-jarige bestaan van die beweging gevier. Die vieringe is deur baie gemeentes gedeel met spesiale projekte soos Bybeluitstallings en stap- en hardloop-vir-Bybels projekte.

3.2.1.7 Samesprekings is gehou met die Deputate van die Sinode Middellande waartydens 'n dinamiese plan uitgewerk is om die gemeenskappe van die Sinode planmatig in te lig oor die werksaamhede van die BSA asook die belangrikheid om vir Bybelverspreiding by te dra te beklemtoon. Die aanvang van die plan is om die aangewese Deputate vir Bybelverspreiding tydens 'n werkswinkel genoegsaam op te lei en in te lig om die werksaamhede van die Bybelgenootskap oor te dra aan die verskillende Klassisse en dan broeders aan te stel wat dit, na opleiding op gemeentevlak te kan doen.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

3.2.2.1 Die verhouding tussen die Deputate en die BSA is deurgaans baie goed, meer so sedert mnr H Dekker se aanstelling om voltyds daar te werk.

3.2.2.2 Mnr JJ Greyling het vir jare op die Nasionale Raad gedien en het teen die einde 2004 as gevolg van gesondheidsredes bedank.

3.2.2.3 Die BSA is in die proses om 4 nuwe streke daar te stel om sodoende “nader aan die mense te beweeg” en ook om Bybels “tot by die verste uithoeke van die platteland” te kry. Die bestaande twee streke Johannesburg en Soweto sal mettertyd uitgefaseer word soos wat streeksrade vir die nuwe streke in Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes Provinsie tot stand kom. Daar sal verwag word van die Partikuliere Sinodes in die streke om afgevaardigdes aan te wys vir die nuwe streeksrade waarop hulle sal dien om so inspraak te hê namens die kerke van daardie streke. Die versoeke in die verband en die bepalings vir die aanstelling van die afgevaardigdes, sal gedurende die volgende paar maande deurgestuurd word deur die kantoor van die Skakeldeputaat by die Bybelgenootskap. Briewe sal ook aan gemeentes gestuur word om hulle in te lig oor die nuwe wending en hoe die strukture ten goede aangewend word vir Bybelverspreiding.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

3.3.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die finansiële bydraes wat ter ondersteuning vir Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang word.

3.3.2 In die verlede het die Sinode as riglyn vir Bybelverspreiding die bedrag van R19 geneem, waarmee die BSA een Bybel subsidieer, plus R1 (Acta 1997:121, 3.1.1.2). Aangesien die subsidiebedrag nie konstant bly nie, beveel die Deputate aan om die huidige R20 as basis te gebruik en die bedrag jaarliks vas te stel op 'n bedrag wat nie die inflasiekoers oorskry nie. Die bedrag sal dan as riglyn aan kerke

deurgegee word. Vir 2006 word die riglyn van R23 vasgestel per belydende lidmaat per jaar.

- 3.3.3 Die Sinode wens ds GS Kritzinger hartlik geluk met sy verkiesing as Voorsitter van die Wêreldraad van Bybelgenootskappe en bid hom die seën van die Here toe op sy arbeid.
- 3.3.4 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit aan Broeder Jan Greyling vir sy jarelange diens waar hy die Gereformeerde Kerke op hoogste vlak by die BSA verteenwoordig het.
- 3.3.5 Belangstellendes wat op Streeksrade wil dien, kan met br H Dekker by die Bybelgenootskap (Kemptonpark) skakel.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Handeling.)

4. Bybelmedia

4.1 *Opdrag 1* (Acta 2003:115, 6.1.1.1)

4.1.1 Hou skakeling met Bybelmedia.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

4.2.1 Die Deputate het ds BR Kingma (Bellville-Oos) benoem om skakeling namens die GKSA met Bybelmedia te behou en het Bybelmedia dienooreenkomstig verwittig.

4.2.2 Bybelmedia het by monde van ds Hans Linde baie positief hierop gereageer en I uiteensetting gegee in sake I nuwe ontwikkeling en struktuur by Bybelmedia (sien Bylae 2). I Uitnodiging is gerig om I strategiese beplanningsgesprek met die oog op die ontwikkeling van bedieningsgerigte publikasies by te woon.

4.2.3 Ds BR Kingma het hierdie beplanningsgesprek op 6 Mei 2004 bygewoon en gerapporteer dat dit hy hartlik ontvang is; dat die byeenkoms sinvol was en dat samewerking van hierdie aard voortgesit behoort te word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

4.3.1 Die Sinode keur die benoeming van ds BR Kingma om skakeling namens die GKSA met Bybelmedia te behou, goed.

4.3.2 Die Sinode wys weer Deputate aan om skakeling met Bybelmedia te behartig, verkieslik uit Klassis Boland.

Besluit: Goedgekeur.

5. Bybelmedia

5.1 *Opdrag 2* (Acta 2003:115, 6.1.1.2)

5.1.1 Benoem persone indien Bybelmedia van Adviespanele in die keuring van manuskripte gebruik maak (verkieslik uit Klassis Boland)

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

5.2.1 Die Deputate het ds BR Kingma (Bellville-Oos) benoem om skakeling namens die GKSA met Bybelmedia te behou.

5.2.2 Daar is geen kennis ontvang van publikasies wat vir keuring voorgelê word nie (vgl ook Acta 2000:178, 2.2; 2003:110). Dit moet gesien word in die lig van die nuwe ontwikkelinge by Bybelmedia (vgl Bylae 2).

Besluit: Kennis geneem.

5.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

5.3.1 Die Sinode gee opdrag aan die te benoemde Deputate Bybel om I geskikte persoon of persone op I *ad hoc* basis aan te wys wat Bybelmedia van kundige advies kan bedien in sake I publikasie of publikasies, sou sodanige advies verlang word.

Besluit: Goedgekeur.

6. Bybelvertaling

6.1 *Opdrag (Acta 2003:115, 6.1.3)*

6.1.1 Benoem persone op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Doves.

6.1.2 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.

6.1.3 Verleen samewerking aan vertalingsimposia en –kongresse van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, asook aan Universiteite.

6.1.4 Die opdrag van Sinode 2000 (in sake I brontaal-georiënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans, asook die vertaling van die Godsname *YHWH* en *Adonaï*) word gekontinueer.

Besluit: Kennis geneem.

6.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

6.2.1 Afrikaanse Bybelvertaling vir Doves

6.2.1.1 Die Deputate het ds JGL van der Walt (Worcester) en sr Naomi J van Vuuren benoem om op die Keurkomitee te dien.

6.2.1.2 Ds Van der Walt het berig dat sr J van Vuuren verhuis het en hy het sr Ina Senekal, I onderwyseres by die De La Bat-skool, in haar plek voorgestel.

6.2.1.3 Ds Van der Walt lewer verslag dat elke vertaalde Bybelboek aan hom gestuur word vir kommentaar. Die vertaling is deurgaans goed en min negatiewe kommentaar kan gelewer word.

6.2.1.4 Die koördineerder van hierdie projek, prof JP Oberholzer, spreek tydens die vergadering van die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling (25-10-2004) die verwagting uit dat die projek teen Junie 2005 finaal afgehandel sal wees (vgl Aanvullende Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

6.2.2 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap

6.2.2.1 Die volgende persone is op die Interkerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling van die Bybelgenootskap van SA benoem: Proff GJC Jordaan (sameroeper), HF van Rooy, JJ Janse van Rensburg, PP Kruger, drr HJM van Deventer, AJ Kruger (sekundus). Die betrokke individue en die Bybelgenootskap is van hierdie benoemings in kennis gestel.

6.2.2.2 Die afgevaardigdes het sedert Sinode 2003 by die volgende geleenthede saam met die Advieskomitee vergader: 6 Oktober 2003 (jaarlikse vergadering), 22-23 April 2004 (Werkswinkel oor voorgestelde nuwe Bybelvertaling in Afrikaans); 25 Oktober 2004 (jaarlikse vergadering).

6.2.2.3 Tydens die vergadering van 6 Oktober 2003 is verskillende tipes vertalings van geselekteerde Bybelgedeeltes indringend deur die Advieskomitee bespreek. Daar

- word besluit om by die Bybelgenootskap “’n vertaling, getrou aan die grondteks, en bedoel vir voorlesing en gebruik in die eredienste van al die belanghebbende kerke en vir kategeese, Bybelstudie en privaat gebruik, voor te stel” (Notule, Advieskomitee). Verder word besluit om I werkwinkel te organiseer om die tegniese formulering van die vertalingsopdrag te bespreek, asook aandag te gee aan die praktiese aspekte rakende ‘n nuwe vertaling. Prof GJC Jordaan dien uit die geledere van die GKSA op die komitee wat die werkwinkel organiseer.
- 6.2.2.4 Tydens die werkwinkel van 22-23 April 2004 wat te Bybelhuis, Kempton Park gehou is, is teoretiese en praktiese raamwerke waarbinne die voorgestelde vertaalprojek kan plaasvind, indringend bespreek. Nadat die volgende voorlopige vertaalopdrag goedgekeur is, word I werkgroep aangewys om I duidelike vertaalopdrag en motivering op te stel (prof GJC Jordaan word uit die geledere van die GKSA vir hierdie werkgroep benoem): “Skep ‘n goed verstaanbare, brontaalgerigte vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, en vir kategeese, Bybelstudie en privaatgebruik.”
- 6.2.3 Daar word verder besluit dat die onderskeie kerklike verteenwoordigers die wenslikheid aan I verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel in hulle kerke motiveer en dat die Bybelgenootskap met die betrokke kerke sal skakel met die oog op die benoeming van moontlike medewerkers aan die projek.
- 6.2.4 Die werkgroep van die Kerklike Advieskomitee (4.2.2.4) wat getaak is met die motivering van die vertaalopdrag het op 18 Junie 2004 te Bybelhuis, Kaapstad vergader. Die vergadering het die vertaalopdrag duidelik gemotiveer (vgl Bylae 3) en I konsep-motiveringsbrief wat aan die kerke gestuur sal word, opgestel.
- 6.2.5 Die Deputate Bybel van die GKSA het hierdie twee briewe van die Bybelgenootskap ontvang (Bylae 4) en aangedui dat die GKSA, volgens Sinodebesluit, graag aan die voorgestelde projek sal meewerk en ook behulpsaam sal wees in die aanwys van moontlike individuele medewerkers (Bylae 5).
- 6.2.6 Tydens die vergadering van die Advieskomitee, gehou op 25 Oktober 2004, word hierdie voorneme tot samewerking van die GKSA in verband met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel mondelings gerapporteer.
- 6.2.7 Nadat kennis geneem is van die steun vir die projek uit die verskillende kerke, word besluit om, hangende die finale goedkeuring van die projek deur die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap in Februarie 2005, met die proses voort te gaan.
- 6.2.8 Daar word verder besluit dat I werkgroep saamgestel word met die oog op ‘n opleidingsessie vir vertalers vroeg in 2006. Uit die geledere van die GKSA dien proff GJC Jordaan (NT), HF van Rooy (OT) en dr A (sr Alet) Krüger (Vertaalkundige) op hierdie werkgroep.
- 6.2.9 In Maart 2005 ontvang die Deputate Bybel I skrywe van die Bybelgenootskap waarin die Deputate meegedeel word dat die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap die saak van I verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel goedgekeur het. I Uitnodiging word ook gerig om voorstelle aan die Bybelgenootskap te maak mbt moontlike medewerkers aan die voorgestelde vertaalprojek (Bylae 6). Na konsultasie met die GKSA-lede op die Advieskomitee van die Bybelgenootskap, word voorstelle in hierdie verband aan die Bybelgenootskap deurgegee (Bylae 7A en 7B).

6.2.10 In die lig van die kontinuering van ons opdrag mbt die vertaling van die Godname (Acta 2000:183, 4.1.4) rig die Deputate I skrywe in hierdie verband aan die voorsitter van die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling van die Bybelgenootskap, prof HJB Combrinck (Bylae 8).

Besluit: Goedgekeur.

6.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

6.3.1 Afrikaanse Bybel vir Dowes

6.3.1.1 Die Sinode keur die benoeming van ds JGL van der Walt en sr I Senekal op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Dowes goed.

6.3.1.2 Die Sinode neem met waardering kennis van die werk wat ds Van der Walt en sr Senekal in hierdie verband gedoen het.

6.3.1.3 Die Sinode bedank die Bybelgenootskap vir die inisiatief geneem in verband met die daarstel van I Afrikaanse Bybelvertaling wat gerig is op die Dowe gemeenskap.

6.3.2 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap

6.3.2.1 Die Sinode keur die benoeming van Proff HF van Rooy, JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Kruger, drr HJM van Deventer, AJ Kruger (sekundus) op die Interkerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling goed.

6.3.2.2 Die GKSA spreek sy dank en waardering teenoor die Bybelgenootskap uit dat besluit is om I verdere “Brontaalgeoriënteerde Afrikaanse Vertaling van die Bybel” saam met ander meewerkende kerke daar te stel. Die Bybelgenootskap en alle betrokkenes word die Here se seën toegebied in die volvoering van die projek.

6.3.2.3 Die Sinode neem met dank kennis van die deelname en insette van die persone uit die geledere van die GKSA wat betrokke is by die verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.

6.3.2.4 Die Sinode keur korrespondensie met die Bybelgenootskap en die werk wat die Deputate gedoen het m.b.t. die GKSA se deelname aan die vertalingsprojek goed.

6.3.2.5 Die Sinode kontinueer die opdrag m.b.t. die vertaling van die Godname *JHWH* en *Adonai* in die Ou Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4).

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Handeling.)

7. Aanbevelings

7.1 Benoem weer Deputate Bybel met die volgende opdragte:

7.1.1 *Bybelmedia*

7.1.1.1 Hou skakeling met Bybelmedia.

7.1.1.2 Benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespaneel in die keuring van manuskripte gebruik maak.

7.1.2 *Bybelverspreiding*

7.1.2.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap in Suid-Afrika in stand.

7.1.2.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes ten opsigte van Bybelverspreiding

7.1.3 *Bybelvertaling*

7.1.3.1 Benoem persone op die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.

- 7.1.3.2 Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die “Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel”.
- 7.1.3.3 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer t.o.v. die Godsdname (vgl 6.3.2.5). *JHWH* en *Adonai* in die Ou Testament en moet deurlopende aandag geniet (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4).

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Handeling.)

I. AANVULLENDE RAPPORT

1. Bybelverspreiding

- 1.1 Fondsinsameling vir Bybelverspreiding (boekjaar geëindig 31 Oktober 2005). Die volgende bedrag is ontvang vanaf kerkverband: R1 021 063.39.
- 1.1.1 ‘n Gedeelte van dié bedrag word opgemaak deur *Boedels* – R28 782.5, *Besighede* – R12 850.00 en *individue* wat op eie inisiatief bydraes van R202 380.00 ingesamel het.
- 1.1.2 Die gemiddelde bydrae per lidmaat moet dus bereken word tov die bedrag wat die gemeentes self ingesamel het dmv lidmate, susters en katkisanter gesamentlik. Dit gee ‘n gemiddeld van R11.00 per Belydende lidmaat.
- 1.2 Die Deputate beveel ook aan dat Ds Rikus Geyer, Adjunk-Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, die Sinode kortliks sal inlig oor belangrike verwickelinge by die Genootskap.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bybelvertaling

2.1 *Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap*

- 2.1.1 Tydens ‘n vergadering van die Advieskomitee gehou op 24 Oktober 2005 te Bybelhuis in Kemptonpark het die Loodskomitee (vgl 6.2.7) van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek verslag gedoen oor hulle werksaamhede. Daar is reeds goeie vordering gemaak met die daarstel van ‘n werkboek vir vertaalspanne. Hierdie werkboek sal tydens opleidingsessies in Februarie en Maart 2006 met vertaalspanne behandel word.
- 2.1.2 Die Loodskomitee het ook verslag gedoen oor die samestelling van verskillende boekspanne vanuit die name wat deur kerke voorgestel is (vgl 6.2.8), asook die fases waarin die projek afgehandel sal word. Die projek sal na verwagting oor 7 jaar strek.

Besluit: Kennis geneem.

- 2.1.3 Tydens die vergadering is ‘n finale besluit geneem oor die vertaalopdrag aan die vertalers. Dit lui soos volg: “Skep ‘n goed verstaanbare, brontekstgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik”.

Besluit: Goedgekeur.

- 2.1.4 Die brief wat die Deputate gerig het in sake die vertaling van Godsdname is deur die Loodskomitee bespreek (vgl 6.2.9). Daar is nog nie finaal besluit oor die weergee van die Godsdname in die Ou Testament nie. Tans word ‘n onderskeid getref tussen *YHWH* en *Adonai*.
- 2.1.5 Die vertaalwerk aan die Afrikaanse Bybel vir Dowes is afgehandel en die manuskrip word tans versorg met die oog op publikasie gedurende 2006.

Besluit: Kennis geneem.